

PREEKSKETS: JOHANNES 5:1-17

In hierdie gedeelte sien ons hoe Jesus 'n gestremde man wat al vir 38 jaar siek was, help. Johannes wil hê dat ons mooi moet kyk dat **Jesus iemand help waar niemand anderste help nie.**

Die evangelis Johannes bring ons uit by “*die Skaappoort in Jerusalem*”, sowel as by 'n bad met die naam van “*Betesda*” = letterlik: “huis van genade”. Heel moontlik het hierdie fontein, wat ryk aan minerale was en wat verskeie siektes genees het, by tye geborrel met water uit die grond. Wanneer die water geborrel het, het die mense geglo dat 'n engel die water geroer het... vandaar vers 4 in die OAV.

Op min plekke kon jy die sondegebrokenheid van hierdie wêreld so duidelik raakgesien het, as juis dáár: “*blindes, kreupeles en lammes...*” Hierdie ellende trek Jesus se aandag en dan vra Christus aan die man: “**Wil jy gesond word**”.

Terwyl 'n stad vol feesgangers na die tempel toe verby snel om aan hulle godsdienstige rituele te gaan deelneem, gaan staan Jesus by die “*blindes, kreupeles en lammes*” stil. Hulle verdien dit nie, maar tog **HELP JESUS WAAR NIEMAND ANDERSTE HELP NIE.**

In hierdie man se woorde hoor ons elke mens se uitroep: “*Meneer, ek het niemand nie...*”, of soos Paulus dit verwoord: “*Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?*”

Op ons eie is ons elkeen te siek, letterlik te dood (Efesiërs 2:1), om self na die Fontein van die lewe te gaan. Jesus het sy hemelse heerlijkheid verlaat en mens kom word om ons te kom help. Hy't in ons tyd en wêreld God se liefde aan ons kom wys, deur “*blindes, kreupeles en lammes*” op te soek... deur heelmaking en genesing vir hulle te bring. By die kruis is Jesus deur ons nood tot stilstand gedwing. Nooit vóór daardie Vrydag EN ook nooit ná daardie Vrydag was daar iemand so alleen soos Christus aan die kruis nie. Nie net is Hy deur die mense alleen agtergelaat nie, maar ook sy hemelse Vader het Hom ALLEEN gelos as skuldoffer vir al ons sondes.

Juis hiervoor het Jesus mens geword. Om ons wat siek is op te soek, en te genees. Op ons eie sou ons nooit na God toe kon gaan en gesond word nie. Net deur Jesus se wonde, het daar vir ons genesing gekom.

Jesus het ons by die kruis gehelp waar niemand anderste ons kon gehelp het nie. Elke dag nog kom die opgestaande Here deur sy Woord en Gees en vra weer dieselfde vraag aan elkeen van ons: “**WIL JY GESOND WORD?**”

Na sy opstanding uit die dood, het Hy sy Gees in ons harte uitgestort sodat ons nooit weer alleen sal wees nie, maar ook sodat nie een van ons ooit weer sal kan sê: “Meneer, ek het niemand nie”.

Ons bly in 'n wêreld vol gebroke en dodelike siek mense. Op hulle eie sal hulle nooit in Christus gesond kan word nie. Terwyl die man by die bad van Betesda niemand gehad het om hom te help nie, het die kerkleiers en die volk by hom verby gehaas om tempel toe te gaan. Mag dit nooit ooit van Ontdekkers waar wees nie.

As Jesus help waar niemand anderste help nie, is dit waar ek en jy ook besig moet wees. Ons land het sulke getroue diensknegte van Jesus so bitter nodig.

Flentermense

Ek hou van flentermense...
Dis nou dies wat al geleef het
Gehuil het en gebreek het
Die waan van perfektgeit opgegee het
Die skade van die skeure wat die lig ingelaat het...
Die Genade ingenooi het
En met ope arms omhels het
Nie soos 'n liefdes-omhelsing nie,
Meer soos 'n desperate gryp na laaste-aseem..
Want Genade is die laaste uitweg wanneer alle opsies reeds
frustreer is.

Flentermense is mooie mense met deurleefdheid
En talle tekens van grondpadloop na wysheid
En bewus van die Liefde wat alle sondes bedek.
Liefde wat toemaak, vrymaak en heelmaak
Liefde wat jou menswees innooi in ewigheidsdimensie
Net soos jy is...!

Elize Erwee (10/2/2019)